

4 Januarie

Skrifgedeelte: Openbaring 20:11-15 (NAV)

Fokusgedeelte: Kolossense 4:5; Openbaring 20:12

Vervul jou roeping, want die tyd gaan verby!

Geleenthede kom net een keer in jou lewe. Elke uur, dag en geleentheid wat verby is, is onherroeplik verby. Dit is dus belangrik dat jy die beste maak van elke geleentheid en dat jy die tyd uitkoop (Kol 4:5). Dit is nie toevallig dat jy vandag en in 'n tyd soos hierdie lewe nie. Jy moet dus in die tyd vir die tyd lewe; kind van jou tyd wees met 'n visie op môre.

Gewoonlik word diefstal met geld en goedere geassosieer. Jy kan egter ook 'n tyddief wees deur tyd te vermors, te steel en te verspeel. Ook tyd behoort aan God. Tyd is 'n stukkie gekapte ewigheid. Jou tyd is dus geleende tyd, genadetyd, Godgegewe tyd. Dit is belangrik wat jy met God se tyd maak.

Ons weet dat so seker as wat sekondes aftik, so seker tik ons tyd ook verby. Ons laaste sekonde sal aanbreek op een van die bekende dae van die week. Wees altyd daarop ingestel dat die brief wat jy skryf, die afspraak wat jy het, die besluit wat jy neem, jou laaste kan wees.

In die eindoordeel sal die biografie van elke mens oopgemaak word wanneer die boeke geopen word (Op 20:12): "Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak." God sal rekenskap vra van wat jy met jou tyd gemaak het. Het jy die beste gemaak van elke geleentheid en jou lewensroeping vervul?

Dank God dat op die groot roepersdag ook 'n ander boek oopgemaak sal word – die Boek van die Lewe, die boek van Jesus Christus se biografie (Op 20:12). Dit is die testament van God se liefde en genade. Dit is die testament wat op Goeie Vrydag en Paassondag van krag geword het. Staan sy Naam op elke bladsy van jou biografie geskrywe? Dit is jou edelste roeping om te vervul voordat jou tyd verby is!

Sing: Psalm 90:7 Dr PW Bingle (Kaapstad)